



AUDITOR - GENERAL  
SOUTH AFRICA

*Auditing to build public confidence*

---

## Ouditeur-generaal van Suid-Afrika

# Handleiding tot die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (WBTI) (2013)

Vorberei kragtens artikel 14 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000) (WBTI)

## Inhoudsopgawe

INLEIDING .....	3
2. DOEL .....	4
3. DIE STRUKTUUR, FUNKSIES EN DIENSTE VAN DIE OGSA .....	4
3.1 Wetgewende mandaat.....	4
3.2 Ouditdienste.....	5
3.2.1 Reëlmatigheidsoudit .....	5
3.2.2 Ouditering van prestasie-inligting .....	7
3.2.3 Internasionale ouditering .....	7
3.2.4 Spesiale oudits .....	7
3.2.5 Strategiese Ouditprojekte en Uitreikprogramme .....	8
3.3 Interne Bedrywighede en Ouditondersteuning .....	8
3.3.1 Nie-regulariteitsoudits .....	8
3.3.2 Tegniese Ondersteuning en Leer.....	9
3.3.3 Kommunikasie en Tegnologie.....	9
3.3.4 Interne Bedrywighede .....	10
3.4 Korporatiewe Kantoor .....	10
4. Die artikel 10-gids oor hoe om die Wet te gebruik – artikel 14(1)(c) .....	10
5. Toegang tot rekords gehou deur die OGSA .....	10
6. Kategorieë van OGSA-rekords .....	10
6.1 Outomatiese toegang & openbaarmaking – artikel 15(1)(a), Regulasie 5 A .....	10
6.2 Die volgende dokumente is nie outomaties beskikbaar nie – artikel 33 .....	11
7. Hoe om 'n versoek vir inligting by die OGSA in te dien .....	12
8. Die middele wat beskikbaar is indien die bepalings van die Wet nie nagekom word nie – artikel 14(1)(h) .....	12
9. Openbare belang .....	12
Bylaag A: Kontakbesonderhede van die OGSA se inligtingsbeampte en adjunk-inligtingsbeamptes .....	14
Bylaag B.....	18
Lys van openbaresektordepartemente en entiteite geoudit deur die OGSA .....	18
Bylaag C .....	35
Vorm A: Versoek vir toegang tot rekords van openbare liggaam .....	35

## 1. INLEIDING


- 1.1 Die reg van toegang tot inligting is verskans in artikel 32 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Artikel 32 voorsien dat elkeen die reg van toegang tot enige inligting het, wat deur die Staat of enige ander persoon gehou word en wat gebruik word vir die beskerming of uitoefening van enige reg. Die WBTI is die Wet wat uitvoering aan artikel 32 van die Grondwet gee. Hierdie Wet word deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) gereguleer, is deur die Parlement op 2 Februarie 2000 goedgekeur en het op 9 Maart 2001 in werking getree.
- 1.2 Die doel van die Wet is om deursigtigheid, rekenpligtigheid en goeie bestuur te bevorder deur die publiek te bemagtig en in te lig om:
- <sup>35</sup><sub>17</sub> hulle regte te verstaan en uit te oefen
  - <sup>35</sup><sub>17</sub> die funksies en werksaamhede van openbare liggame te verstaan
  - <sup>35</sup><sub>17</sub> die besluitneming van openbare liggame wat hulle regte beïnvloed, effektief te ondersoek en daaraan deel te neem.
- 1.3 Kragtens die Wet, kan enige persoon aandrang op rekords van openbare en privaatliggame sonder om 'n rede te verskaf. Openbare en privaatliggame het tans 30 dae om op die versoek te reageer (verminder vanaf 60 dae voor Maart 2003 en 90 dae voor Maart 2002).
- 1.4 Daar word van organisasies verwag om 'n handleiding saam te stel wat beide as 'n indeks van rekords wat gehou word deur openbare liggame dien, en ook as 'n gids vir diegene wat inligting aanvra. Die handleiding beskryf die prosedure wat gevolg moet word wanneer rekords aangevra word. Artikel 32 van die WBTI vereis dat elke inligtingsbeampte jaarliks (verslagperiode 1 April – 31 Maart) 'n verslag oor sekere statistieke wat verband hou met die WBTI indien en dit ook by die SAMRK indien wat meld hoeveel versoeke daar was en hoe hierdie versoeke hanteer is.
- 1.5 Die OGSA gryp hierdie geleentheid aan om die Wet se riglyne in sy beleide en prosedures te inkorporeer, nie net vanuit 'n regsoogpunt nie, maar ook as 'n geleentheid om ope kommunikasie in die organisasie te bevorder. Om ons te help om hieraan te voldoen, word 'n proses vir die hantering van versoeke binne die OGSA in die handleiding verduidelik.
- 1.6 Hierdie handleiding is ook in Engels en Noord-Sotho beskikbaar. Kopieë in ander amptelike tale mag beskikbaar gestel word op aanvraag van die inligtingsbeampte.
- 1.7 Aanvraagvorms is as Bylaag A van hierdie handleiding aangeheg.
- 1.8 Die OGSA se goedgekeurde lêerplan kan as 'n indeks geraadpleeg word wanneer inligting vanaf die organisasie aangevra word.
- 1.9 Hierdie handleiding word gepubliseer ingevolge artikel 14 van die WBTI. Dit bevat 'n beskrywing van die struktuur, funksie en dienste van die OGSA en die beskikbaarheid van hul rekords as 'n openbare liggaam.

## 2. DOEL

Die doel van hierdie handleiding is om:

- 2.1 die struktuur en die funksies van die OGSA te identifiseer en om die organisasie se rekordstelsel te beskryf om sodoende die implementering van die WBTI te fasiliteer
- 2.2 'n persoon in te lig oor hoe om toegang tot rekords wat deur die OGSA gehou word te verkry en sodoende uitvoering aan artikel 14 van die WBTI te gee.

## 3. DIE STRUKTUUR, FUNKSIES EN DIENSTE VAN DIE OGSA



### 3.1 Wetgewende mandaat

Die OGSA het 'n grondwetlike mandaat en as die Opperste Ouditinstelling (OOI) van Suid-Afrika, bestaan dit om die demokrasie van die land te versterk deur opsig, rekenpligtigheid en beheer in die openbare sektor te verseker en daardeur openbare vertroue te bou. Die rol van die OGSA word in artikel 199 van die Grondwet gedefinieer. Die Grondwet stipuleer dat die OGSA die eksterne ouditeur van alle nasionale en provinsiale staatsdepartemente en administrasies is, alle munisipaliteite en enige ander instelling of rekeningkundige entiteit wat kragtens nasionale of provinsiale wetgewing deur die OGSA geudit moet word. Artikel 188 van die Grondwet plaas 'n spesifieke

verantwoordelikheid op die OGSA, naamlik die oudit van en verslaggewing oor die rekeninge, finansiële state en finansiële bestuur van:

- a) alle nasionale en provinsiale staatsdepartemente en administrasies
- b) alle munisipaliteite
- c) enige ander instelling of rekeningkundige entiteit wat kragtens nasionale of provinsiale wetgewing deur die Ouditeur-generaal (OG) geoudit moet word.

Verder laat die Grondwet die OGSA toe om rekeninge, finansiële state en finansiële bestuur van die volgende te oudit en verslag daaroor te lewer:

- a) enige instelling wat deur die Nasionale Inkomstefonds of 'n provinsiale inkomstefonds of deur 'n munisipaliteit befonds word
- b) enige instelling wat kragtens enige Wet gemagtig is om geld vir openbare doeleindes te ontvang.

Bykomend tot die vereistes van die Grondwet, sal die OGSA onder andere die pligte uitvoer soos gespesifiseer in die Wet op Openbare Oudit (Wet No. 25 van 2004) (WOO). Kragtens artikel 13 (3)(b) van die WOO, mag die OGSA aanwysings oor die standarde van oudits uitreik. Hierdie aanwysings word jaarliks in die vorm van 'n staatskennisgewing uitgereik. Alle openbaresektoroudits moet kragtens die aanwysings uitgevoer word en alle dokumentasie moet na die betrokke staatskennisgewing asook na ISA 2 verwys.

'n Oudit, soos gemeld in artikel 1(1) van die WOO, word gedefinieer as die ondersoek of nagaan, ooreenkomstig enige toepaslike ouditstandaarde, van die aspekte waarvoor verslag gelewer moet word kragtens artikel 20 of 28 van die Wet.

Die OG word deur die President aangestel op aanbeveling van die Nasionale Vergadering vir 'n nie-hernubare termyn van tussen vyf en tien jaar.

Die statutêre mandaat vir die funksies van die OGSA is in die Grondwet en die WOO vasgelê. Die WOO, wat beide die Wet op die Ouditeur-generaal, 1995 (Wet No. 12 van 1995) en die Ouditreëlingswet, 1992 (Wet No. 122 van 1992) herroep, vestig en wys ook funksies aan die OG toe met betrekking tot die administrasie daarvan. Die WOO definieer die OGSA as die opperste en onafhanklike ouditinstelling van die Republiek, onderworpe slegs aan die Grondwet en die gereg. Die WOO bepaal ook dat die OG gemagtig is om sy/haar funksies sonder vrees, begunstiging of vooroordeel te verrig. Die OG is in algehele beheer van en rekeningpligtig vir sy/haar administrasie.

## 3.2 Ouditdienste

### 3.2.1 Reëlmatigheidsoudit

Reëlmatigheidsoudit behels beide finansiële ouditering en die oorweging en toetsing van die nakoming van wette en regulasies. Die ouditbenadering wat by die OGSA gevolg word is 'n kombinasie van 'n risiko-gebaseerde en 'n transaksiesiklus-benadering.

#### a) Finansiële oudit

Artikel 20(2)(a) van die WOO vereis dat 'n **ouditverslag** sulke menings en uitsprake moet weerspieël soos wat vereis word deur enige wetgewing van toepassing op die geouditeerde en wat die onderwerp van die oudit uitmaak, maar **moet minstens 'n mening of gevolgtrekking weerspieël oor –**

die vraag of die finansiële jaarstate van die geouditeerde, in elke wesenlike opsig, 'n juiste weergawe is van die finansiële posisie op 'n bepaalde datum en van die resultate van sy bedrywighede en sy kontantvloei vir die tydperk geëindig op daardie datum ooreenkomstig die toepaslike finansiële raamwerk en wetgewing.

Die doel van 'n finansiële oudit is om die ouditeur in staat te stel om 'n mening oor die redelike weergawe in die finansiële state uit te spreek ooreenkomstig 'n toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk en/of statutêre vereistes. 'n Oudit van finansiële state is 'n gerusstellingsaanstelling. 'n 'Gerusstellingsaanstelling' beteken 'n verbintenis waarin 'n ouditeur 'n gevolgtrekking maak wat bedoel is om die mate van vertroue van die beoogde verbruikers, buiten die verantwoordelike party, oor die uitkoms van die evaluering of meting van 'n onderwerp teen 'n maatstaf te verhoog.

Die ouditeur moet bepaal of die finansiële verslagdoeningsraamwerk wat bestuur in die voorbereiding van die finansiële state gebruik het, aanvaarbaar is, met inagneming van die aard van die geouditeerde.

b) *Voldoening aan wette en regulasies*

Artikel 20(2)(b) van die WOO vereis dat 'n **auditverslag die menings en uitsprake moet weerspieël wat vereis word deur enige wetgewing van toepassing op die geouditeerde en wat die onderwerp van die oudit uitmaak, maar moet minstens 'n mening of gevolgtrekking weerspieël oor die geouditeerde se nakoming van wetgewing van toepassing op finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede.**

Hierdie aspek van reëlmatigheidsoudit moet nie verwar word met beheermaatreëltoetse wat die ouditeur uitvoer om die toepaslikheid en betroubaarheid van 'n entiteit se rekeningkundige en interne beheerstelsel te bevestig nie. Daar word egter aanvaar dat die nie-nakoming van wette, reëls en regulasies 'n impak op die rekeningkundige en interne beheerstelsel sal hê, en andersom.

Ouditeure moet nie menings verskaf (in 'n wetlike sin) oor 'n openbare sektor-entiteit se nakoming van wette en regulasies nie, behalwe die algemene gerusstelling as gevolg van die jaarlikse oudit.

Die beginsel word onder andere ondersteun deur ISA 250 wat vermeld:

*Of 'n daad nie-nakoming uitmaak of nie, is 'n wetlike beslissing wat normaalweg buite die ouditeur se professionele bevoegdheid val. Die ouditeur se opleiding, ondervinding en begrip van die entiteit en dié se bedryf mag 'n basis verskaf waarop sommige daad wat onder die ouditeur se aandag mag kom, as **nie-nakoming van wette en regulasies herken kan word. Die bepaling of 'n spesifieke daad nie-nakoming uitmaak of waarskynlik uitmaak word oor die algemeen gebaseer op die raad van 'n ingeligte kenner wat gekwalifiseer is om in die reg te praktiseer, maar dit kan uiteindelik slegs deur 'n hof bepaal word.***

### 3.2.2 Ouditering van prestasie-inligting

Artikel 20(2)(c) van die WOO vereis dat die OGSA 'n verslag oor die oudit saamstel wat 'n mening of gevolgtrekking weerspieël oor die gerapporteerde inligting in verband met die prestasie van die geouditeerde aan die hand van vooraf neergelegde doelwitte.

Die WOO-vereistes wat verband hou met die ouditering van prestasie-inligting is van toepassing op die hele sfeer van die regering soos weerspieël in artikel 4 van die WOO, wat insluit nasionale, provinsiale en plaaslike regerings, openbare entiteite – dié wat die OGSA kies om te oudit en nie te oudit nie – en ander instellings wat met openbare fondse befonds word of instellings wat geld vir openbare doeleindes ontvang.

In 2003 is 'n studie uitgevoer en 'n strategie ontwikkel, wat 'n benadering insluit om prestasie-inligtingsoudits in te faseer. As deel van die strategie is 'n strekteiken van sewe jaar voorgestel. Die OG en die Uitvoerende Komitee (UK) het in 2003 met die strategie, benadering en onderliggende beginsels om prestasie-inligting te oudit, saamgestem. Daarom word daar verwag dat 'n ouditmening of gevolgtrekking eers deur die OG verwoord kan word nà die implementering van die strategie en benadering.

*Algemene Kennisgewing Nr. 808* uitgereik in die *Staatskoerant Nr. 28954* van 23 Junie 2006 verklaar: “tot en met verdere inligting in hierdie verband gepubliseer word moet geen aparte menings oor prestasies teen voorafbepaalde doelwitte in die ouditverslag ingesluit word nie”. Gevolgtrekkings in hierdie verband sal bereik word as deel van die finansiële ouditproses. Verslagdoening sal geskied ten opsigte van wesenlike tekortkominge in die verslaggewingsproses teen voorafbepaalde doelwitte wat gedurende die oudit onder die ouditeur se aandag mag kom en wat 'n impak op openbare belang mag hê.

#### a) Finansiële bestuur

Kragtens die Grondwet, bepaal die mandaat van die OGSA dat finansiële bestuur geoudit moet word.

Daar was verskeie ontwikkelings in die dekking van finansiële bestuur binne die OGSA gedurende die laaste paar jaar. Dit het uitgeloop op 'n benadering waar al die entiteite teen 'n bevoegdheidsmodel geëvalueer word.

### 3.2.3 Internasionale ouditering

Die OGSA was langer as 10 jaar in internasionale oudits betrokke. Benewens die heraanstelling as 'n lid van die Raad van Eksterne Ouditeure van die Verenigde Nasies, is die OGSA as eksterne ouditeur van die Verenigde Nasies se Nywerheidsontwikkelingsorganisasie, die Spesiale Hof vir Sierra Leone, sowel as die Internasionale Sentrum vir Genetiese Ingenieurswese en Biotegnologie aangestel. Elke aanstelling het 'n aantal afsonderlike oudits behels. Bykomend tot hierdie aanstellings, het die kantoor sy internasionale ouditaktiwiteite gerasionaliseer om die oudit van die Departement van Buitelandse Sake, die Afrika Renaissance en Internasionale Korporatiewe Fonds in sy portefeulje in te sluit. Die Internasionale Afdeling is in Junie 2001 gestig en het 'n klein permanente kantoor behels, aangevul deur 'n groot groep personeel wat landswyd uit die kantoor gekies is. Dit was 'n unieke afdeling omdat dit die kantoor as geheel weerspieël het.

### 3.2.4 Spesiale oudits

'n Spesiale oudit, soos in artikel 5(1)(d) van die WOO bedoel, word gedefinieer as 'n gedetailleerde oorsig en/of ontleding, in ooreenstemming met enige toepaslike ouditstandaarde, van daardie

aspekte waarvoor kragtens artikel 20 of 29 van die Wet verslag gedoen moet word. 'n Spesiale oudit mag uitgevoer word waar die OGSA –

<sup>35</sup><sub>17</sub> dit in die openbare belang ag

<sup>35</sup><sub>17</sub> 'n klagte ontvang wat verband hou met so 'n instelling of die instelling se sake

<sup>35</sup><sub>17</sub> 'n versoek ontvang wat verband hou met so 'n instelling of die instelling se sake

<sup>35</sup><sub>17</sub> dit toepaslik ag.

'n Spesiale oudit sal gevolg gee aan 'n ouditverslag (soos bedoel in artikel 20 van die Wet) of 'n spesiale verslag (soos bedoel in artikel 29 van die Wet).

### 3.2.5 **Strategiese Ouditprojekte en Uitreikprogramme**

#### **Strategiese Ouditprojekte**

Die sake-eenheid sien om na die volgende projekte in Ouditdienste:

<sup>35</sup><sub>17</sub> Kontrakwerkbestuur

<sup>35</sup><sub>17</sub> Ouditgeldbestuur

<sup>35</sup><sub>17</sub> Reëlmatigheidsoudit-koördinasie

<sup>35</sup><sub>17</sub> Ouditgehaltebestuur

#### **Institusionele Samewerking**

Die Institusionele Samewerking Sake-eenheid (ISSE) ondersteun ouditsake-eenhede in die bestuur van hul verhoudings met hul grondwetlike belanghebbendes.

### 3.3 **Interne Bedrywighede en Ouditondersteuning**

Hierdie portefeulje is gestig om voorsiening te maak vir gespesialiseerde raadgewende dienste om effektiewe besluitneming vir die organisasie moontlik te maak.

Die portefeulje is op 'n diensleweringmodel gebaseer wat ontwerp is om die volgende te bereik:

<sup>35</sup><sub>17</sub> 'n bekwame en koste-effektiewe kapasiteit

<sup>35</sup><sub>17</sub> 'n ontvanklike, uitsetgebaseerde vermoë

<sup>35</sup><sub>17</sub> vaartbelynde en verbeterde prosesse.

Die Interne Bedrywighede en Ouditondersteuningsportefeulje is in drie subportefeuljes verdeel:

#### 3.3.1 **Nie-regulariteitsoudits**

##### **Inligtingstelselouditering**

Inligtingstelselouditering (ISO) speel 'n belangrike rol in die aktiwiteite van die ouditkantoor. Die meeste van die meer as 1 300 entiteite wat jaarliks deur die OGSA geoudit word, gebruik gerekenariseerde inligtingstelsels wat aansienlik in grootte en kompleksiteit wissel. Die rol van die ISO is om die funksionele ouditkomponente te ondersteun om hulle verantwoordelikhede in die inligtingstelselomgewing bekwaam en effektief na te kom deur inligtingstelsel-ouditeringnavorsing en -ontwikkeling te onderneem en opleiding, koördinasie, gehalteversekering en gespesialiseerde inligtingstelseloudits en ondersteuning te verskaf.

## Prestasie-ouditering

### Kategorie 1

'n Kategorie 1 prestasie-ouditering word uitgevoer deur middel van 'n waarde-vir-geld-benadering. Die beginsel van geïntegreerde ouditering behels die integrasie van die waarde-vir-geld-stelling in die regulariteitsouditproses. Die ouditering van die ekonomiese verkryging en bekwame gebruik van hulpbronne word derhalwe gedurende stelsevaluasie en transaksietoetsing gedoen, as deel van die roetine ouditproses.

Artikel 20(3) van die WOO bepaal dat die OG verslag mag lewer oor of die geouditeerde se hulpbronne ekonomies verkry is en bekwaam en effektief gebruik word.

### Kategorie 2

'n Kategorie 2 prestasie-oudit word gedefinieer as 'n prestasie-oudit wat uitgevoer word volgens die riglyn vir die beplanning en uitvoering van en die verslagdoening oor prestasie-oudits in die openbare sektor, maar word nie op een van die goedgekeurde prestasie-oudit temas uitgevoer nie. Die fokusarea sal gedurende die beplanningsfase van die oudit bepaal word.

### Kategorie 3

'n Kategorie 3 prestasie-oudit word gedefinieer as 'n prestasie-oudit wat uitgevoer word volgens die riglyn vir die beplanning en uitvoering van en die verslagdoening oor prestasie-oudits in die openbare sektor, maar word op een van die dwarsliggende temas uitgevoer.

## Ondersoeke

'n Ondersoek, soos bedoel in artikel 5(1)(d) van die WOO, word gedefinieer as 'n onafhanklike en objektiewe proses waar prosedures in ooreenstemming met die OG-riglyne uitgevoer word om die voorkoming, opsporing en ondersoek van wanadministrasie, oneerlikheid en eerlikheid in die rekenings, finansiële state en finansiële bestuur van 'n instelling bedoel in artikel 4(1) en artikel 4(3) van die Wet te fasiliteer, en wat tot regstappe vir beregtiging kan lei. 'n Ondersoek mag uitgevoer word waar die OGSA –

<sup>35</sup><sub>17</sub> dit in die openbare belang ag

<sup>35</sup><sub>17</sub> 'n klagte ontvang wat verband hou met so 'n instelling of die instelling se sake

<sup>35</sup><sub>17</sub> 'n versoek ontvang wat verband hou met so 'n instelling of die instelling se sake

<sup>35</sup><sub>17</sub> dit toepaslik ag.

Dit kan 'n verslag (soos bedoel in artikel 20 van die WOO) of 'n spesiale verslag (soos bedoel in artikel 29 van die WOO) tot gevolg hê.

### 3.3.2 Tegniese Ondersteuning en Leer

*Ouditnavorsing en -Ontwikkeling*

*Gehaltebeheer*

*Leer en Ontwikkeling*

### 3.3.3 Kommunikasie en Tegnologie

*Inligtings- en Kommunikasietegnologie*

*Inligting- en Kennisbestuur*

*Kommunikasie*



### 3.3.4 Interne Bedrywighede

*Mensekapitaal*  
*Finansies*  
*Sakeprosesbestuur*  
*Regsdienste*

### 3.4 Korporatiewe Kantoor

Die portefeulje van die AOG beheer die korporatiewe dienste van die kantoor. Dit omvat die volgende sake-eenhede:

*Transformasie en Etiek*  
*Organisatoriese Leierskap en Ontwikkeling*  
*Beplanning, Monitering, Evaluasie en Risiko*  
*Korporatiewe Sekretariaat en Ondersteuning*

## 4. Die artikel 10-gids oor hoe om die Wet te gebruik – artikel 14(1)(c)

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) het, kragtens artikel 10 van die WBTI, 'n gids saamgestel oor hoe om die WBTI te gebruik. Hierdie gids sal by die kommissie en by ons kantore beskikbaar gestel word. Enige navrae in verband met hierdie gids kan direk aan die kommissie gerig word by:

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie  
WBTI-eenheid  
Departement Navorsing en Dokumentasie  
Posadres: Privaatsak 2700  
Houghton, 2041  
Telefoon: (011) 484 8300  
Faks: (011) 484 0582  
Webwerf: [www.sahrc.org.za](http://www.sahrc.org.za)  
E-pos: PAIA@sahrc.org.za

## 5. Toegang tot rekords gehou deur die OGSA

- 5.1 Sekere rekords, uitgesluit rekords met beperkte toegang, is outomaties beskikbaar sonder dat 'n persoon dit deur die WBTI hoef aan te vra (sien paragraaf 6.1 van hierdie handleiding).
- 5.2 Ander rekords wat deur die OGSA gehou word moet by die inligtingsbeampte aangevra word kragtens die prosedures gedefinieer in artikel 17 tot 32 van die WBTI.
- 5.3 Toegang tot die OGSA-rekords word verskaf in aangewese areas soos die raadskamer, biblioteek, ens. onder die toesig van die bestuurder van die rekords.

## 6. Kategorieë van OGSA-rekords

### 6.1 Outomatiese toegang & openbaarmaking – artikel 15(1)(a), Regulasie 5 A

Alle inligting op ons webwerf <http://www.agsa.co.za> word vrywilliglik openbaar gemaak.

<sup>35</sup><sub>17</sub> Aktiwiteitsverslae (gestaak)

- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Jaarverslae van die OGSA
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Ouditverslae oor nasionale departemente en openbare entiteite
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Ouditverslae oor provinsiale departemente en openbare entiteite
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Begrotings en strategiese planne van die OGSA
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Korporatiewe kommunikasiepublikasies
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Algemene verslae oor provinsiale oudituitkomste
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Algemene verslae oor nasionale oudituitkomste
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Algemene verslae oor die oudituitkomste van plaaslike regering
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Kwartaallikse verslae van die OGSA oor die indiening van finansiële state deur munisipaliteite (artikel 133-verslae)
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Spesiale verslae
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Spesiale verslae van die OGSA oor die verfraging om jaarverslae ter tafel te lê (artikel 65-verslae)
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Gespesialiseerde ouditverslae (insluitend inligtingstelseloudits, prestasie-oudits en spesiale ondersoeke)
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Inligting oor belanghebbendes en openbare aangeleenthede

## **6.2 Die volgende dokumente is nie outomaties beskikbaar nie – artikel 33**

Volgens die WBTI moet hierdie dokumente beskikbaar gestel word op versoek van lede van die publiek deur sekere prosedures te volg wat deur die Wet vereis word en met sekere tye mag openbaarmaking geweier word.

### **6.2.1 Bedryfsinligting en ooreenkomste wat met die volgende kategorieë verband hou:**

- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Die OGSA se interne ondersoeklêers
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Amptelike opdragte, resolusies en instruksies van die UK
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Ooreenkomste met enige van die OGSA se belanghebbendes, hetsy individue, staatsinstansies of administratiewe rolspelers
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Huurooreenkomste, titelaktes, verbande en notariële verbande ten opsigte van roerende of vaste eiendom
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Memorandums van verstandhouding

### **6.2.2 Finansiële en rekeningkundige rekords wat met die volgende kategorieë verband hou:**

- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Bankrekeningrekords
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Rekeningboeke en finansiële state
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Jaarlikse begroting en korporatiewe plan soos bepaal in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999)
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> BTW-, SIBW- en LBS-rekords
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Rekeningkundige rekords
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Bateregisters
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Tender- en boddokumentasie
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Diensvlak-ooreenkomste met verskaffers

### 6.2.3 Menslike hulpbronrekords wat met die volgende kategorieë verband hou:

- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Personeellêers
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Kontrakte, diensvoorwaardes en ander ooreenkomste
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Statutêre werknemerrekords
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Pensioenfondskontrekords van die pensioenfondse wat gestig is
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Mediese skema-kontrekords
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Begroting en begrotingsvooruitskattings
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Werknemerswelstandskontrekords
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Werknemerbetaling en voordele
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Korrespondensie met interne en eksterne partye
- <sup>35</sup>/<sub>17</sub> Notules van personeel-, UK- en Ouditkomiteevergaderings

## 7. Hoe om 'n versoek vir inligting by die OGSA in te dien

Versoeke om toegang tot rekords van die OGSA mag aan die hoofkantoor gerig word, Middelstraat 300, Muckleneuk, Pretoria, of aan enige provinsiale/streekskantoor. Die versoek moet op die voorgeskrewe vorm ingedien word. 'n Afskrif van die vorm is as bylaag C aangeheg. Alle relevante dele moet voltooi word.

Versoekvorms sal by die hoofkantoor en alle provinsiale/streekskantore beskikbaar wees.

Sodra dit voltooi is, moet die vorm na die adjunk-inligtingsbeampte gestuur word. Die name, adresse en kontakbesonderhede van al die adjunk-inligtingbeamptes is in Bylaag B gelys.

Indien die rekords wat versoek word nie persoonlike inligting van die aansoeker bevat nie, moet die aansoeker kragtens die Wet versoekgeld betaal voordat die versoek hanteer sal word. Verdere toegangsgeld is betaalbaar voordat toegang tot die betrokke rekords toegestaan word.

## 8. Die middele wat beskikbaar is indien die bepalinge van die Wet nie nagekom word nie – artikel 14(1)(h)

Enige aansoeker wat ontevrede is met die besluit van die OGSA ten opsigte van 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die kantoor mag 'n Hoë Hof of ander hof met soortgelyke status nader om die versoek weer te oorweeg. Die Wet maak nie voorsiening vir interne appèlle binne die OGSA nie. Die hof moet dus genader word in gevalle waar die aansoeker wens om teen enige bevindinge van die kantoor te appelleer.

## 9. Openbare belang

Die OG mag, in openbare belang, verslag lewer oor enige saak binne die funksies van die OGSA (artikel 5(3)). Die WOO gee die OG nie net die diskresie om oor sekere sake verslag te lewer indien die OG dit van openbare belang mag ag nie, maar ook om te besluit wat die openbare belang binne die spesifieke konteks mag wees. In die eerste geval, het die OG 'n enge diskresie (is dit in die openbare belang of nie?), terwyl in die tweede geval die OG 'n wye diskresie het (wat behels die openbare belang in hierdie geval?).

In die konteks van die WOO, is dit nie verstandig om openbare belang as 'n beperkte stel faktore te definieer nie. Hierdie faktore verskil in terme van die spesifieke konteks, en 'n poging tot 'n allesomvattende definisie sal eerstens, te wyd wees en tweedens, verseker nie allesomvattend kan wees nie.

In die lig van die feit dat die OG moet besluit wat die openbare belang is gedurende die

verslagdoening in die konteks van die WOO, moet ten minste die volgende kriteria in ag geneem word in elke geval waar 'n waardebesluit gemaak word:

<sup>35</sup><sub>17</sub> Die belange, insluitende die grondwetlike regte (indien enige), van die geaffekteerde party (of geouditeerde). Oorweging moet geskenk word aan die feit of 'n oortreding van 'n grondwetlike reg moontlik is, en indien wel, of so 'n oortreding in die omstandighede regverdigbaar (en in openbare belang) sal wees

<sup>35</sup><sub>17</sub> Die belange van die staat

<sup>35</sup><sub>17</sub> Die nasionale belang

<sup>35</sup><sub>17</sub> Strategiese belange (indien toepaslik), insluitend die langtermyn-effek van die aksie/besluit

<sup>35</sup><sub>17</sub> Die belang van die publiek (of gedeelte van die publiek)

<sup>35</sup><sub>17</sub> Ekonomiese belange (indien toepaslik)

<sup>35</sup><sub>17</sub> Wetlike belange, insluitend wetgewende bepalings en die Grondwet

<sup>35</sup><sub>17</sub> Of die belang van die geaffekteerde party meer gewig moet dra as die openbare belang. Met ander woorde, die belang van die individu moet geweeg word in die konteks van die kollektiewe belang

<sup>35</sup><sub>17</sub> Of die publiek beter gedien sal word as die aksie uitgevoer word, in teenstelling met die voortsetting van die status quo

<sup>35</sup><sub>17</sub> Die wesenlikheid van die openbare hulpbronne. Wesenlikheid van aktiwiteite word bepaal gebaseer op die vlak van uitgawes, inkomste, bates, laste, verpligtinge of onvoorsiene uitgawes met betrekking tot dié van die spesifieke agentskap, sektor of algehele regeringsvlak.

Kragtens artikel 5(3) van die WOO, waar die OG die diskresie het om 'n verslag in te dien al dan nie, is 'n bykomende vereiste om die bewese feite van die saak in ag te neem (sonder spekulasie of aannames).

Elk van bogenoemde faktore moet gedokumenteer word as bewys dat die OG die betrokke saak oorweeg het.

## Bylaag A: Kontakbesonderhede van die OGSA se inligtingsbeampte en adjunk-inligtingsbeamptes

### Inligtingsbeampte en adjunk-inligtingsbeamptes aangestel kragtens artikel 17(l) van die Wet

Die Adjunk-Ouditeur-generaal dien as die inligtingsbeampte. Verder is elke provinsiale ouditeur en elke bedryfsleier as adjunk-inligtingsbeampte aangestel om die versoeke vir inligting te hanteer ooreenkomstig die vereistes van die Wet.

#### Kontakbesonderhede van die OGSA Hoofkantoor

Posadres		Straatadres	
	Posbus 446 Pretoria, 0001 Docex 275		Lefikahuis Middelstraat 300 Muckleneuk, Pretoria
E-pos	<a href="mailto:aqsa@aqsa.co.za">aqsa@aqsa.co.za</a>		

#### Inligtingsbeampte

##### Adjunk-Ouditeur-generaal

Naam	Kimi Makwetu		
Telefoon	(012) 426 8084	Faks	(012) 426 8257
E-pos	<a href="mailto:kimim@aqsa.co.za">kimim@aqsa.co.za</a>	Webwerf	<a href="http://www.aqsa.co.za">www.aqsa.co.za</a>

#### Adjunk-inligtingbeamptes: Gespesialiseerde Ouditdienste

Naam	Me Fezeka Baliso – BL: <b>ISSE (Vereniging van Komitees oor Openbare Rekeninge en Grondwetlik)</b>		
Telefoon	(012) 426 8049	Faks	(012) 426 8095
E-pos	<a href="mailto:fezekab@aqsa.co.za">fezekab@aqsa.co.za</a>		
Naam	Me Jabulile Nkosi – BL: <b>Inligtingstelselouditering</b>		
Telefoon	(012) 422 9471	Faks	(012) 422 9543
E-pos	<a href="mailto:jabuilen@aqsa.co.za">jabuilen@aqsa.co.za</a>		
Naam	Vakant – BL: <b>Prestasie-ouditering</b>		
Telefoon	(012) 422 8000	Faks	(012) 426 8266
E-pos	<a href="mailto:aqsa@aqsa.co.za">aqsa@aqsa.co.za</a>		
Naam	Me Caroline Mampuru – BL: <b>Ondersoeke</b>		
Telefoon	(012) 422 9835	Faks	(012) 422 9822
E-pos	<a href="mailto:carolinem@aqsa.co.za">carolinem@aqsa.co.za</a>		
Naam	Mnr Lufuno Ravhuhali – BL: <b>Strategiese Ouditprojekte</b>		
Telefoon	(012) 422 9883	Faks	(012) 422 9459
E-pos	<a href="mailto:lufunor@aqsa.co.za">lufunor@aqsa.co.za</a>		

**Adjunk-inligtingbeampies: Ouditsake-eenhede**

Naam	Mnr Lourens van Vuuren – BL: <b>Nasionaal A</b>		
Telefoon	(012) 422 9644	Faks	(012) 422 9619
E-pos	<a href="mailto:lourens@agsa.co.za">lourens@agsa.co.za</a>		
Naam	Mnr Thami Dibishi – BL: <b>Nasionaal B</b>		
Telefoon	(012) 422 9859	Faks	(012) 422 9459
E-pos	<a href="mailto:thamsangad@agsa.co.za">thamsangad@agsa.co.za</a>		
Naam	Mnr Musa Hlongwa – BL: <b>Nasionaal C</b>		
Telefoon	(012) 422 9577	Faks	(012) 422 9687
E-pos	<a href="mailto:musah@agsa.co.za">musah@agsa.co.za</a>		
Naam	Me Corné Myburgh – BL: <b>Nasionaal D</b>		
Telefoon	(012) 422 9490	Faks	(012) 422 9481
E-pos	<a href="mailto:cornem@agsa.co.za">cornem@agsa.co.za</a>		
Naam	Mnr Kevish Lachman – BL: <b>Nasionaal E</b>		
Telefoon	(012) 422 9583	Faks	(012) 426 8086
E-pos	<a href="mailto:kevish@agsa.co.za">kevish@agsa.co.za</a>		
Naam	Me Meisie Nkai – BL: <b>Nasionaal F</b>		
Telefoon	(012) 422 9641	Faks	(012) 422 9589
E-pos	<a href="mailto:mesie@agsa.co.za">mesie@agsa.co.za</a>		

**Adjunk-inligtingbeampies: Provinsiale ouditeurs**

Naam	Mnr Sithembele Pieters – BL: <b>Oos-Kaap</b>		
Telefoon	(043) 709 7200	Faks	(043) 709 7300
E-pos	<a href="mailto:sithembelep@agsa.co.za">sithembelep@agsa.co.za</a>		
Posadres	Posbus 13252 Vincent 5217 Docex 72	Straatadres	Frerestraat 69 Vincent Oos-Londen 5247
Naam	Mnr Odwa Duda – BL: <b>Vrystaat</b>		
Telefoon	(051) 409 0100	Faks	(051) 400 3000
E-pos	<a href="mailto:odwad@agsa.co.za">odwad@agsa.co.za</a>		
Posadres	Privaatsak X 315 Bloemfontein 9301 Docex 65	Straatadres	ABSA Forumgebou 2e Vloer Donald Murrayrylaan 19 Brandwag, Bloemfontein
Naam	Me Mabatho Sedikela – BL: <b>Gauteng</b>		
Telefoon	(011) 703 7817	Faks	(011) 703 7690
E-pos	<a href="mailto:mabathos@agsa.co.za">mabathos@agsa.co.za</a>		
Posadres	Posbus 110 Auckland Park 2006 Docex 392	Straatadres	Centralstraat 61 Houghton 2198

Naam Me Vanuja Maharaj – BL: **KwaZulu-Natal**  
 Telefoon (033) 264 7518 Faks (033) 264 7596  
 E-pos [vanujam@agsa.co.za](mailto:vanujam@agsa.co.za)  
 Posadres Privaatsak X9034 Straatadres Redlands Estate  
 Pietermaritzburg 3200 iMpendulo-huis  
 Docex 80 George Macfarlanerylaan 1  
 Wembley  
 Pietermaritzburg

Naam Mnr Dirk Strydom – BL: **Limpopo**  
 Telefoon (015) 299 4401 Faks (015) 299 4766  
 E-pos [dstrydom@agsa.co.za](mailto:dstrydom@agsa.co.za)  
 Posadres Privaatsak X9330 Straatadres Biccardstraat 15  
 Polokwane 0700 Polokwane  
 Docex 34

Naam Me Sibongile Mbambo – BL: **Mpumalanga**  
 Telefoon (013) 756 0800 Faks (013) 755 4738  
 E-pos [mbambo@agsa.co.za](mailto:mbambo@agsa.co.za)  
 Posadres Posbus 26854 Straatadres Nelstraat 10  
 Nelspruit, 1200 Nelspruit  
 Docex 39

Naam Mnr Liaquath Ally – BL: **Noordwes**  
 Telefoon (014) 597 9700 Faks (014) 597 9737  
 E-pos [LiaquathL@agsa.co.za](mailto:LiaquathL@agsa.co.za)  
 Posadres Posbus 2839 Straatadres Kockstraat 124  
 Rustenburg, 0300 Rustenburg  
 Docex 13

Naam Mnr Dean Contell – BL: **Noord-Kaap**  
 Telefoon (053) 831 1000 Faks (053) 833 3231  
 E-pos [deanc@agsa.co.za](mailto:deanc@agsa.co.za)  
 Posadres Privaatsak X5013 Straatadres 1<sup>e</sup> Vloer Anlargebou  
 Kimberley, 8300 McDougalstraat 31  
 Docex 19 Kimberley

Naam Me Thandeka Zondi – BL: **Wes-Kaap**  
 Telefoon (021) 528 4125 Faks (021) 528 4201  
 E-pos [thandekaz@agsa.co.za](mailto:thandekaz@agsa.co.za)  
 Posadres Posbus 110 Straatadres Business Connexion Suite  
 Kaapstad, 8000 1<sup>e</sup> Vloer, Oosblok  
 Docex 340 Century Boulevard  
 Century City, Kaapstad

### Adjunk-inligtingsbeamptes in Ouditondersteuning

Naam	Me Linda le Roux – BL: <b>Ouditnavorsing en Ontwikkeling</b>		
Telefoon	(012) 422 9838	Faks	(012) 422 9822
E-pos	<a href="mailto:leroux@aqsa.co.za">leroux@aqsa.co.za</a>		
Naam	Mnr Gerhard Joubert – BL: <b>Gehaltebeheer</b>		
Telefoon	(012) 426 8290	Faks	(012) 426 8225
E-pos	<a href="mailto:gerhardj@aqsa.co.za">gerhardj@aqsa.co.za</a>		
Naam	Mnr Raj Mahabeer – BL: <b>Finansies (HFB)</b>		
Telefoon	(012) 426 8030	Faks	(012) 426 8333
E-pos	<a href="mailto:rajm@aqsa.co.za">rajm@aqsa.co.za</a>		

### Adjunk-inligtingbeamptes in Korporatiewe Dienste

Naam	Mnr Mandla Radebe – BL: <b>Kommunikasie</b>		
Telefoon	(012) 426 8079	Faks	(012) 426 8095
E-pos	<a href="mailto:mandlar@aqsa.co.za">mandlar@aqsa.co.za</a>		
Naam	Me Wendy Mahuma – BL: <b>Mensekapitaal</b>		
Telefoon	(012) 426 8209	Faks	(012) 426 8204
E-pos	<a href="mailto:wendym@aqsa.co.za">wendym@aqsa.co.za</a>		
Naam	Mnr Cobus Fourie – Wnd. BL: <b>Inligtings- en Kommunikasietegnologie</b>		
Telefoon	(012) 422 9713	Faks	(012) 426 8332
E-pos	<a href="mailto:jpf@aqsa.co.za">jpf@aqsa.co.za</a>		
Naam	Me Mangi Mulaudzi – BL: <b>Inligting- en Kennisbestuur</b>		
Telefoon	(012) 426 8454	Faks	(012) 426 8333
E-pos	<a href="mailto:mangiw@aqsa.co.za">mangiw@aqsa.co.za</a>		
Naam	Mnr Eddie Pelcher – BL: <b>Sakeprosesbestuur</b>		
Telefoon	(012) 422 9548	Faks	(012) 422 9838
E-pos	<a href="mailto:eddie@aqsa.co.za">eddie@aqsa.co.za</a>		
Naam	Mnr Obie Khwinana – BL: <b>Organisasie-ontwikkeling en Leierskap</b>		
Telefoon	(012) 426 9422	Faks	(012) 426 8331
E-pos	<a href="mailto:obadiahk@aqsa.co.za">obadiahk@aqsa.co.za</a>		
Naam	Me Tsvetana Mateva – BL: <b>Bepanning, Monitering, Evaluasie en Risiko</b>		
Telefoon	(012) 426 8297	Faks	(012) 426 8258
E-pos	<a href="mailto:tsvetanam@aqsa.co.za">tsvetanam@aqsa.co.za</a>		
Naam	Me Eshana Manichand – BL: <b>Verandering, Transformasie en Etiek</b>		
Telefoon	(012) 426 8104	Faks	(012) 426 8257
E-pos	<a href="mailto:eshana@aqsa.co.za">eshana@aqsa.co.za</a>		

## Bylaag B

Lys van openbare sektordepartemente en entiteite geoudit deur die OGSA<sup>1</sup>

### Nasionale oudits:

**Nasionaal A:** Lourens van Vuuren (Bedryfsleier)

Tel: (012) 422 9644 e-pos: [lourens@agsa.co.za](mailto:lourens@agsa.co.za)

### Nasionale departemente

Owerheidskommunikasie en Inligtingstelsel

Behuising

Justisie en Staatkundige Ontwikkeling

Grondsake

Presidensie

Provinsiale en Plaaslike Regering

Openbare Werke

Handel en Nywerheid

### Nasionale openbare entiteite

CIPRO Handelsentiteit

Sitrusraad

Kompetisiekommissie

Kompetisietribunaal

Konstruksienywerheid-ontwikkelingsraad (KNOR)

Raad vir die Beboede Omgewing

Rekening vir die Verhaling van Kriminele Bates

Voogdyfonds

Onafhanklike Ontwikkelingsfonds

Internasionale Handelsadministrasiekommissie (IHAK)

Land- en Landboubank van Suid-Afrika

Regshulpraad

Vleisraad

Fondse in Trust

Munisipale Afbakeningsraad

Munisipale Infrastruktuurbeleggingseenheid

Nasionale Dobbelaarad

Nasionale Raad op Loterye

Nasionale Loterye Verspreidingstrustfonds

Nasionale Vervolgingsgesag

Nasionale Jeugkommissie

Presidentsfonds

Openbare Beskermer

Registrasie van Aktes

SA Behuisingfonds

Kleinsake-ontwikkelingsagentskap (SEDA)

Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde

Suid-Afrikaanse Vereniging van Plaaslike Regerings

Spesiale Ondersoekseenheid

Graanraad

**Nasionaal B** Thami Dibishi (Bedryfsleier)

Tel: (012) 422 9859 e-pos: [thamsangad@agsa.co.za](mailto:thamsangad@agsa.co.za)

### Nasionale departemente

Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking

Departement van Toerisme

Departement van Vervoer

Nasionale Tesourie

<sup>1</sup> Van die entiteite se name is nie vertaal nie aangesien hulle slegs onder die Engelse name geregistreer is.

Statistiek SA

**Nasionale openbare entiteite**

Afrika-rennaissance & Internasionale  
Samewerkingsfonds  
Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings  
Autopax SOC Ltd  
Ontwikkelingsagentskap vir Koöperatiewe Banke  
Oorgrens-padvervoeragentskap  
Bestuurslisensiekaart-handelsrekening (DLCTA)  
Finansiële Intelligensiesentrum  
Raad op Finansiële Dienste  
Regeringspensioenadministrasie-agentskap  
Onafhanklike Raad vir die Regulering van Ouditeure  
International Frontier Technologies (Interfront) SOC  
Ltd  
Land- & Landboubank van SA Landbank-  
versekeringsmaatskappy Nasionale  
Tesourie (Konsolidasie van JFS)  
Ombudsman vir Finansiële Diensverskaffers  
Passasierspoorvervoeragentskap van Suid-Afrika

Pensioenfondsberegter  
Projekontwikkelingsfasiliteit-handelsrekening  
Korporasie vir Openbare Beleggings  
Reguleerder vir Spoorwegveiligheid  
Heropbou- en Ontwikkelingsprogramfonds  
Padongelukkefonds  
Padverkeeroortredingsagentskap  
Padverkeerbestuurskorporasie  
SA Burgerlike Lugvaart-owerheid SA  
Maritieme Veiligheidsesag SARS –  
Geadministreerde Inkomste SARS –  
Eie Rekenings  
Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap  
Suid-Afrikaanse Toerisme  
Tegniese Bystandseenheid  
Tydelike Werknemerspensioenfonds  
Finansiële & Fiskale Kommissie

**Nasionaal C** Musa Hlongwa (Bedryfsleier)  
Tel: (012) 422 9577 e-pos: [musah@agsa.co.za](mailto:musah@agsa.co.za)

**Nasionale departemente**

Korrektiewe Dienste  
Verdediging  
Wetenskap en Tegnologie  
Sosiale Ontwikkeling  
Sport en Rekreasie

**Nasionale openbare entiteite**

Afrika-instituut van Suid-Afrika, Pretoria  
Krygstuigkorporasie van Suid-Afrika  
Krygkor Verdedigingsinstituut  
Boks Suid-Afrika  
Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad  
(WNNR)  
Rampverligtingsfonds  
Erasmusrand Eiendom, 'n maatskappy in  
staatsbesit (MSB) Bpk  
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN)  
Instituut vir Maritieme Tegnologie

Nasionale Ontwikkelingsagentskap  
Nasionale Navorsingstigting  
Oospark MSB Bpk  
Noodfonds vir Vlugtelinge  
SANW-fonds  
Sosiale Noodfonds  
Suid-Afrikaanse Maatskaplike  
Sekuriteitsagentskap (SASSA)  
Spesiale Verdedigingsagentskap  
Sportsrand MSB Bpk  
Staatspresidentfonds  
Program vir Tegnologie en Menslike Hulpbronne  
in die Nywerheid



**Entiteite nie deur die OGSA geoudit nie**

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap  
